# Leesgids

# Speurder Sammi



## *DIE BLOU STEEN*

**Crystal-Donna Roberts**

**Tafelberg, 2022**

**NAAM EN VAN: ____________________**




Hierdie leesgids is as hulpmiddel vir die **onderwyser en leerder** in die klaskamer bedoel. Dit is geskryf met **graad 5 Afrikaans Huistaal of graad 6 Afrikaans Eerste Addisionele Taal** as hooffokus en volgens die riglyne van die Kurrikulum-en assesseringsbeleidsverklaring (KABV) uiteengesit.

**LET WEL**: Alle bladsynommers verwys na die eerste uitgawe van die jeugroman *Speurder Sammi – Die blou steen* (Tafelberg, 2022)

Hierdie gids is saamgestel deur **Dewald Koen, Fakulteit Opvoedkunde, Nelson Mandela Universiteit, Gqeberha**

**Kopiereg: © Tafelberg, 2023. ’n Druknaam van NB Uitgewers**


## INHOUDSOPGAWE

**INHOUD** **BLADSY**


**Benaderings tot die onderrig van letterkunde…………………………… 3**
**Afdeling A: Pre-lees (Ontleed en bespreek die voorplat)……………… 4**
**Pre-lees: Vrae……………………………………………………………….. 5**
**Biografie van die skrywer…………………………………………………. 6**
**Die verhaal in 'n neutedop…………………………………………………. 7**
**Literêre begrippe: Verteller……………………………………………….. 8**
**Literêre begrippe: Verteltyd versus vertelde tyd………………………… 9**
**Literêre begrippe: Ruimte en Plek………………………………………… 10**
**Literêre begrippe: Intrige en Temas……………………………………….. 11**
**Literêre begrippe: Botsings of Konflik…………………………………… 12**
**Karakterisering…………………………………………………………… 13**
**Karaktersketse…………………………………………………………….. 14-15**
**Afdeling B: Lees………………………………………………………….. 16**
**Afdeling C: Post-lees……………………………………………………….. 17**
**Kontekstuele vrae & Opsommings (Hoofstuk 1-18)…………………….. 17-30**
**Memoranda (Hoofstuk 1-18)……………………………………………… 31-37**
**Woordverklarings…………………………………………………………… 38-40**
**Aktiwiteite vir verryking (Mondeling, Skryftake & Lees)……………….. 41**
**Literêre glossarium……………………………………………………… 42-44**
**Bronnelys………………………………………………………………….. 45**


**<u>Neem asseblief kennis van die volgende setfoute</u>:**

**bl. 21 (kappie ontbreek op sê)**
**bl. 40 (van)**
**bl. 72 (angsaanval)**
**bl. 76 (verfafdeling)**





Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

# BENADERINGS TOT DIE ONDERRIG VAN LETTERKUNDE

## VIR DIE ONDERWYSER

Die Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring (KABV) vir **Afrikaans Huistaal** (**Intermediêre fase, graad 4-6**) beklemtoon die belangrikheid vir die lees van letterkunde in die klaskamer. Volgens die KABV (2011:10) moet die lees van letterkunde in die klaskamer by leerders "'n sensitiwiteit wek vir taal wat meer verfyn, letterkundig, figuurlik, simbolies en betekenisvol gebruik [kan] word".

Alhoewel die onderrig van letterkunde (drama, prosa en poësie) nie altyd maklik is nie, is dit **belangrik dat leerders by die onderrigproses betrek moet word om hul kommentaar en interpretasie van die teks of gedig met ander te deel**. Onderwysers moet ook daarteen waak om nie hul eie vooroordele, interpretasie en idees oor 'n literêre teks op leerders af te dwing nie, maar eerder 'n gesonde en gebalanseerde debat oor letterkunde in die klaskamer bevorder. Dit is belangrik om kennis te neem van die feit dat interpretasie van 'n teks of gedig nie gaan oor wat reg of verkeerd is nie, maar oor wat binne die konteks van die literêre teks vir die leerder betekenisvol is (KABV, 2011:10).

Hier volg 'n paar wenke vir die beste benadering tot die onderrig van letterkunde soos in die KABV (2011:10) uiteengesit:

- **Lees soveel as moontlik van die teks sonder enige onderbreking in die klas.** Leerders wat die teks sonder ondersteuning kan lees, moet aangemoedig word om dit te doen.
- Die **klem is nie op gevorderde literêre interpretasie nie**, maar om aan leerders te wys hoe hulle huistaal subtiel, intelligent, verbeeldingryk en vindingryk gebruik kan word.
- **Kreatiewe skryfwerk moet nou aansluit by die studie van enige literêre teks.** Klasbesprekings wat tot skryfaktiwiteite lei is baie waardevol.
- **Moenie slegs fokus op die onderrig van 'die regte antwoord' nie**, maar fokus op die interpretasie, kreatiewe en persoonlike belewing asook die ondersoek van die literêre teks.

Tafelberg



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers


## AFDELING A: PRE-LEES

Pre-lees stel die volgende ten doel (KABV, 2011:10):

- Aktiveer bestaande kennis.
- Stel vas wie die bron, die skrywer en wat die publikasiedatum is.
- Lees die eerste en laaste paragrawe van 'n afdeling.
- Maak voorspellings oor onder andere die inhoud en tema.

**ONTLEED EN BESPREEK DIE VOORPLAT [VOORBLAD] VAN DIE JEUGROMAN**

**Let wel: Die volledige analise van die voorplat sal eers tydens die post-leesfase voltooi kan word.**






Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

## PRE-LEES – VRAE

1. Wat is die **titel** van die jeugroman?

___

2. Wat is die **skrywer** (outeur) se naam en van?

___

3. Is die meisie op die voorblad 'n **tiener**? Gee 'n rede vir jou antwoord.

___

___

___

4. Wat, dink jy, kan "**die blou steen**" wees waarna die titel verwys?

___

5. Deur watter **uitgewer** is die jeugroman gepubliseer?

___

6. Lees die **opsomming** van die storie (verhaal) op die agterblad. Maak dit jou nuuskierig om die storie te lees? **Gee 'n rede vir jou antwoord**.

Tafelberg

___

___

___

7. Hou jy daarvan om **fiets** te ry? Bespreek jou antwoord met jou klasmaats.

___

8. Wie, dink jy, is die **hoofkarakter** in die jeugroman?

___

**Jeugroman** – youth novel

**Voorblad** – cover page

**Outeur** – author

**Uitgewer** - publisher

**Hoofkarakter** - protagonist

**nuuskierig** – inquisitive (curious)



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

## BIOGRAFIE VAN DIE SKRYWER

### CRYSTAL-DONNA ROBERTS



**(Erkenning: Film & Fig)**

Tafelberg

**Crystal-Donna Roberts** (1984) is 'n bekroonde **aktrise**. Sy is bekend vir haar rolle in die telenovelle *Arendsvlei* en die internasionaal-bekroonde **rolprente** *The Endless River* en *Krotoa*. Teaterstukke waarin sy rolle vertolk het sluit in *Siener in die suburbs*, *Bidsprinkaan*, *Kanna, hy ko' hystoe* en *Rondomskrik*. Crystal het in Kaapstad en Bloemfontein grootgeword. Sy het in 2005 'n BA-graad in Drama en Teater aan die Vrystaatse Universiteit verwerf. Crystal woon tans in Bellville, Kaapstad saam met haar man en seun. *Speurder Sammi: Die blou steen* is haar eerste boek. Sy wil dit graag opvolg met nog Sammi-boeke.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

## DIE VERHAAL IN ’N NEUTEDOP

**Samantha** (Sammi) September is dertien jaar oud en woon by haar tannie, **Valerie**, in **Kaapstad** nadat haar ouers twee jaar gelede in ’n motorongeluk oorlede is. Weens die ongeluk kry sy angsaanvalle en het ’n uitslag op haar bors. Sy speel goed klavier en wil graag by die Richfire Arts Academy skoolgaan. Na die motorongeluk het sy egter hierdie droom opsy geskuif.

Tydens die **Septembervakansie** gaan kuier sy by haar oupa en ouma op **Engelburg** in die **Noord-Kaap**. Hulle woon op ’n plaas en aangesien Valerie ’n kunsmentorskap in Johannesburg gaan bywoon, gaan Sammi sonder haar tannie by haar oupa en ouma kuier. Tydens haar vakansie ontmoet sy vir **Christopher** en **Craig**. Die broers woon in Engelburg waar hulle pa ’n polisieman is. Sammi ontdek ook die **blou steen** voor haar kamervenster. Die blou steen gee aan Sammi magiese kragte deur haar sintuie te verskerp. Sammi kan beter hoor en ruik. Die blou steen genees ook die uitslag op haar bors.

Tydens die vakansie probeer iemand om haar ouma te vermoor. Sammi raak agterdogtig en wonder wie haar dierbare ouma leed wil aandoen. Aanvanklik verdink sy die buurman, **meneer Olivier**, asook **juffrou Van de Vyver**, maar mettertyd vind allerlei vreemde gebeure plaas wat haar in ’n ander rigting stuur. Wanneer Sammi se oupa se bokke een aand verdwyn, moet sy dringend uitvind wie haar oupa se bokke gesteel het. Sy gebruik haar verbeterde sintuie om gesprekke af te luister. **Craig** help haar om inligting te versamel en so word Sammi uiteindelik “**Speurder Sammi**”.

Een aand verdwyn haar oupa en ouma. Sammi en Craig word ook ontvoer en ’n dwelmsmous, **George**, was van plan om haar oupa se plaas vir sy onwettige dwelmhandel te gebruik. Gelukkig kom Craig se pa, **Richard**, tot hulle redding en arresteer George en sy makkers.

Terug by haar tannie se woonstel in Kaapstad besluit Sammi om die oudisievorm te voltooi. Haar oudisie was suksesvol en sy begin haar **hoërskoolloopbaan by Richfire Arts Academy**.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

## LITERÊRE BEGRIPPE – VIR DIE ONDERWYSER


Volgens die KABV (2011:18) is die volgende literêre aspekte belangrik vir Afrikaans Huistaal in die Intermediêre fase:

**Stories en dramas / tonele**

- Verhaallyn
- Karakters
- Ruimte / milieu
- Tyd
- Tema / boodskap
- Teksstruktuur en -formaat
- Belangrikste kenmerke van die teks

**ROMAN (NOVEL) - DEFINISIE**

Die woord "roman" beteken letterlik "'n boek geskryf" in Romaans (Grové 1963:80). Die roman is 'n **prosaverhaal waarin mense (karakters) "geplaas in 'n sekere omgewing**, geteken word in hulle begeertes, hulle onderlinge verhoudinge en hulle handelinge" (1963:80). **Die klem val dus op karakterontwikkeling** eerder as 'n beskrywing van die handelinge.



Tafelberg

**DIE VERTELLER (PROTAGONIS)**

Elke verhaal het 'n **verteller**. Daar moet altyd in gedagte gehou word dat die **skrywer en die verteller nie dieselfde persoon is nie**. Die menings van die verteller is nie noodwendig die van die skrywer nie. In *Speurder Sammi – Die blou steen* is die **skrywer Crystal-Donna Roberts en die verteller is 'n derdepersoonsverteller**. Daar kan tussen drie soorte vertellers onderskei word:

**EERSTEPERSOONSVERTELLER**

Die eerstepersoonsverteller is ook bekend as die **ek-verteller**. Die verhaal word slegs uit die **gesigshoek van die een karakter in die verhaal vertel**. Die ek-verteller weet egter nie wat die ander karakters dink en voel nie, maar kan slegs afleidings uit die ander karakters se handelinge of optrede maak. Die ek-verteller is besonder geslaagd as verteller om sy of haar eie gevoelens en emosies te beskryf.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

## ALOMTEENWOORDIGE DERDEPERSOONSVERTELLER

Hierdie tipe verteller vertel wat elke karakter sê, dink en voel. Hy/sy is oral teenwoordig op elke plek, ruimte en tyd.

## DERDEPERSOONSVERTELLER

Die derdepersoonsverteller beskik oor **beperkte alwetendheid** en die skrywer van die roman beskryf die verhaal deur die oë van een van die karakters **(In *Speurder Sammi – Die blou steen* is dié karakter Sammi September)**. Die skrywer is aan die kant van die karakter en beleef die gebeure in die verhaal deur die karakter se gees.

### FOKALISASIE – WIE SIEN?

Die verhouding tussen die elemente van die verhaal en die **visie van waaruit hulle aangebied** word.
(Mieke Bal in Cloete, Botha & Malan, 1985)



## TYD

## VERTELTYD VERSUS VERTELDE TYD

**Verteltyd**: Die term 'verteltyd' verwys volgens Brink (1987:92) na "die tyd wat deur die teks in beslag geneem word om die storie te vertel". (Met ander woorde die aantal bladsye van die novelle of roman.)

**Vertelde tyd**: Die 'vertelde tyd' dui op "die periode wat deur die storie gedek word vanaf die vroegste tydsmoment waarna [in die teks] verwys word" (1987:92). Steenberg (1985:90) noem die 'vertelde tyd' die 'leestyd' wat "meetbaar [is] in minute, ure, dae [en] weke".

Die jeugroman *Speurder Sammi – Die blou steen* se **verteltyd** strek dus oor **103 bladsye** bestaande uit **agtien hoofstukke**. Die **vertelde tyd** strek oor 'n week in September. Die jeugroman sluit af (hoofstuk 18) aan die begin van Sammi se hoërskoolloopbaan in Januarie.

Die verhaal word **chronologies** aangebied.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

## TYDSVERLOOP

### CHRONOLOGIESE TYDSVERLOOP


Chronologiese tydsverloop verwys na **tyd wat op mekaar volg** bv. Maandag, Dinsdag, Woensdag of oggend, middag en aand.

### ACHRONOLOGIESE TYDSVERLOOP

Achronologiese tydsverloop verwys na **tydsverloop wat nie op mekaar volg nie**. Dis tydsverloop in die verhaal word afgewissel. Daar is **tydspronge en terugflitste** na gebeure wat in die verlede plaasgevind het. Die hede en verlede word ook met mekaar afgewissel.

In die jeugroman *Speurder Sammi – Die blou steen* is die verloop van tyd **chronologies**.

### UITEENSETTING VAN DIE VERTELDE TYD IN DIE JEUGROMAN




### RUIMTE OF PLEK

Vanuit ’n narratologiese oogpunt word daar volgens Venter (1985:95-96) drie vorme van ruimtelikheid in die epiek (roman / novelle) onderskei:



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

1. Die **genarrateerde (vertelde) storietuimte** (die **plek** waar die storie afspeel)
2. Die **narratiewe verhaalruimte** (die **wyse waarop die storieruimte vertel word**)
3. Die **diskursiewe vertellersruimte** (Die vraag na die instansie uit wie se ruimtelike bewussyn waargeneem of gefokaliseer word.)

Die **genarrateerde (vertelde) storieruimte** in *Speurder Sammi – Die blou steen* is maklik identifiseerbaar. Die ruimte waarin die roman afspeel is op **Sonheuwel** in **Kaapstad** waar Sammi by haar tannie woon asook op **Engelburg in die Noord-Kaap** waar Sammi se ouma en oupa op 'n plaas woon.

## INTRIGE
## RAAMWERK VAN GEBEURE

Die term "intrige" verwys na die **plan waarvolgens die verhaal (storie) ontwikkel**. Dit word ook die **raamwerk van gebeure** genoem. Die intrige verwys na die **volgorde waarin die gebeure in die verhaal plaasvind**. Intrige lei tot spanning. Indien die intrige nie deursigtig of maklik voorspelbaar is nie, is die roman meer geslaagd aangesien dit die leser enduit sal boei.

Tafelberg

## TEMAS

Die tema van die verhaal verwys na enige lewenswaarheid en/of –insig wat uit die verhaal voortspruit. 'n Tema is altyd universeel en is nie gebonde aan tyd, ruimte, omstandighede of 'n karakter nie. **Voorbeelde: verlies, die dood, misdaad, liefde, trauma en vriendskap.**

## TITEL

Die titel verwys na die naam van die verhaal (storie). Die titel van die jeugroman is dus *Speurder Sammi – Die blou steen*. Die titel is 'n belangrike komponent aangesien dit die verhaal ontsluit. Die titel bevat ook dikwels 'n tema of temas uit die jeugverhaal soos in dié geval waar ***Speurder Sammi – Die blou steen* verwys na die hoofkarakter en die blou steen wat sy op haar oupa en ouma se plaas vind. Die steen gee aan Sammi spesiale kragte wat haar sintuie verskerp.**



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

## BOTSINGS OF KONFLIK

Twee tipes botsings kan in ’n verhaal voorkom naamlik **uiterlike botsing of innerlike botsing**.

**Uiterlike botsing word met geweld assosieer** soos gevegte tussen karakters, niefisiese botsings soos ’n argument of selfs net ’n deurborende kyk van een karakter na ’n ander. **Voorbeeld: Die trokbestuurder wat Sammi en Craig ontvoer. Hy het hulle met tou aan mekaar vasgebind (rug aan rug) en geskeurde lappe in hulle monde gedruk.**

**Innerlike botsing verwys na konflik in die karakter se gemoed**. Voorbeelde van innerlike konflik sluit in geestelike, emosionele of selfs morele wroeging. Innerlike botsing vind plaas wanneer ’n karakter emosioneel oor iets wroeg. **Voorbeeld: Sammi ervaar innerlike botsing oor die motorongeluk waarin haar ouers gesterf het. Sy voel ook skuldig nadat haar oupa se bokke verdwyn het en hy dink dat sy nie die hek se draad styf genoeg vasgebind het nie.**

Verdere voorbeelde sluit in **die botsing tussen die mens en sy/haar omgewing** wat botsings tussen die mens en die maatskaplike orde soos egskeiding, armoede, verslawing ensovoorts insluit.

Tafelberg

**Botsing kan ook plaasvind tussen die mens en die natuur** wanneer die natuur deur ’n dier, woestyn of rivier versimboliseer word. Dink byvoorbeeld aan ’n daadwerklike botsing tussen ’n jagter en die leeu wat die jagter bespring wanneer die geweerskoot afgaan.





Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

## KARAKTERISERING

### HOOFKARAKTER

**Samantha (Sammi) September is die hoofkarakter** (protagonis) in die jeugroman. Sy is die sentrale figuur waarom die gebeure in die teks afspeel. **Die hoofkarakter ondergaan karakterontwikkeling** en word ook ’n **ronde karakter** genoem. Hierdie tipe karakter se innerlike sowel as die uiterlike word duidelik aan die leser uitgebeeld.


### NEWEKARAKTERS

**Newekarakters word ook plat- of vlakkarakters genoem**. Hierdie karakters word by die verhaal betrek om die hoofkarakter te belig. Die newekarakters ondergaan geen noemenswaardige karakterontwikkeling nie en dra by tot moontlike botsing waarin die hoofkarakter sy/haar innerlike aan die leser kan openbaar. **In *Speurder Sammi – Die blou steen* sal Valerie Darries asook Oupa Vickie en Ouma Lena ’n voorbeeld van ’n newekarakter wees.**

### KARAKTERBEELDING (KARAKTERSKETS)

#### EKSPLISIETE KARAKTERBEELDING

Eksplisiete karakterbeelding kan geskied deur dit wat die verteller oor die karakter aan die leser meedeel of dit wat die ander karakters in die roman (verhaal) van die karakter sê of dink.



### IMPLISIETE KARAKTERBEELDING

**Implisiete karakterbeelding word deur die optrede van die hoofkarakter aan die leser oorgedra** waaruit die leser die volgende afleidings kan maak naamlik die voorkoms en uitbeelding van die karakter se omgewing, die karakter se houding en handelinge asook wat die karakter van hom- of haarself dink en sê.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

| KARAKTER | KARAKTERSKETS |
|---|---|
| **Samantha September (Sammi)** | Sammi het krulhare en groot, bruin oë. Sy is dertien jaar oud. Sy het ’n kolletjie fyn puisies op haar bors. Sammi is ’n goeie pianis. Sy kan soms sarkasties wees wanneer sy vrae beantwoord. Haar ma en pa het twee jaar gelede in ’n motorongeluk gesterf. Sy woon by haar ma se suster en haar beste vriende se name is Lerato en April. |
| **Ouma Lena Darries** | Ouma Lena het onderwys geswot en was tot 2012 die skoolhoof by die plaaslike laerskool op Engelburg. Sy is al meer as veertig jaar met Oupa Vickie getroud. |
| **Oupa Vickie Darries (Dedda)** | Oupa Vickie het ’n diep, hees stem. Hy boer met bokke op ’n plaas in die Noord-Kaap. Hy is lief vir skilder. |
| **Valerie Darries** | Valerie is Sammi se ma se jonger suster. Sy is sewe-en-twintig jaar oud. Sammi woon by haar in ’n woonstel in Sonheuwel in die noordelike voorstede van Kaapstad. Sy het stoute ligtebruin lag-ogies. Sy werk in die kunsdepartement van ’n filmstel. Sy is ook ’n talentvolle skilder. Sy kan soms hardkoppig wees. |
| **Christopher Jeremiah** | Christopher se vel en oë is dieselfde skakering bruin. Hy is sestien jaar oud. Hy het ’n jonger broer genaamd Craig. Hy wil eendag argitektuur studeer en neem kunslesse by Sammi se oupa. Hy werk by Eugene se hardewarewinkel. |
| **Craig Jeremiah** | Craig is dieselfde ouderdom as Sammi. Hy dra ’n armband van groen houtkrale om sy pols. Die armband het aan sy ma behoort. Hy hou van fantasieboeke en bordpeletjies. |
| **Meneer Olivier** | Meneer Olivier is Oupa Vickie en Ouma Lena se buurman. Hy is ’n elektrisiën (Olivier Electronics). |
| **Juffrou Susan van de Vyver** | Juffrou Van de Vyver dra ’n stywe grys bolla en het ’n streng stemtoon. Sy is die strengste juffrou in die dorp en hou nie van Ouma Lena nie. Sy ry ’n rooi Volkswagen en het ’n kat genaamd Antjie. |
| **Eugene** | Hy is kort en oorgewig met ’n pens wat oor sy dik leerbelt hang. Hy besit die hardewarewinkel. Hy dra altyd ’n groot bos sleutels wat aan sy broek hang. |



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

| | |
|---|---|
| **Shaun** | Shaun is die hoofseun en sokkerkaptein by Sammi se laerskool in Kaapstad. |
| **Lerato** | Lerato is een van Sammi se beste vriende. Sy dra lang bokvlegsels. Sy speel hokkie by die skool. |
| **April** | April is een van Sammi se beste vriende. Sy het blou oë, draadjies en ’n bos rooi hare. Sy hou van Shaun. Haar ouers is geskei. |
| **Zoe** | Tannie Valerie se eks-meisie. |
| **Aunty Gladys** | Aunty Gladys het vir Sammi-hulle koesiesters gebak. |
| **Tannie Naomi** | Tannie Naomi is April se ma. |
| **Stacey Adams** | April en Stacey was voorheen beste vriende. Stacey is egter gemeen teenoor Lerato, April en Sammi. |
| **Mary** | Mary besit en bestuur die restaurant op Engelburg. Sy verkoop ook eetgoed tydens die skoolfunksie. |
| **George (Georgie)** | Georgie het pikswart hare. Hy het voorheen vir Oupa Vickie op die plaas gewerk. Hy dra ’n ring aan sy regterwysvinger in die vorm van ’n slang wat sy eie stert eet. Hy is ’n eiendomsontwikkelaar in Johannesburg. Hy is ’n dwelmbaas wat die eiendomsbesigheid as front vir sy skelmstreke gebruik. |
| **Richard Jeremiah** | Hy is ’n polisieman op Engelburg en Christopher en Craig se pa. |
| **Angelo Kennedy en Simonique Raubenheimer** | Hulle is die tweede prins en prinses by die kompetisie. |
| **Themba Ningiza en Francine de Wet** | Hulle is die eerste prins en prinses by die kompetisie. |
| **Candice Roberts** | Candice is Mejuffrou Lente. |
| **Antjie (Kat)** | Antjie is juffrou Susan van de Vyver se kat. |
| **Stoffels (Hond)** | Stoffels is Oupa Vickie Darries se buurman se Duitse herdershond. |



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

## AFDELING B: LEES (VIR DIE ONDERWYSER)

“Lees verwys na die **verstaan van die teks** en om nadere aandag te skenk aan die taalkenmerke daarvan” (KABV, 2011:23).

- Toon aktiewe begrip van die teks.
- Bepaal die betekenis van onbekende woorde en beelde deur woordaanpakvaardighede en kontekstuele leidrade te gebruik.
- Gebruik leesbegripstrategieë.
- Maak aantekeninge of som hoof- en ondersteunende gedagtes op.

### WENK VIR DIE ONDERWYSER

**Moenie te veel klem plaas op die skriftelike beantwoording van vrae tydens die leesfase nie. Dit mag leerders ontmoedig om die verhaal sowel as die leesproses te geniet. Die verhaal moet eers waardeer word voordat daar tydens die post-leesfase enige vorm van assessering plaasvind.**

**Vermy ook om vrae gebaseer op die roman vir ‘tuiswerk’ te gee. Staan tyd tydens die les af vir leerders om vrae in die klas te beantwoord om sodoende kritiese denke en besprekings oor die roman aan te moedig.**





Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

## AFDELING C: POST-LEES

“Post-lees stel leerders in staat om die **teks as geheel te beskou en daarop te reageer**” (KABV, 2011:23).

### HOOFSTUK 1

**Opsomming:**

Sammi skrik wakker na ’n droom. Haar ma het haar geleer om van honderd af terug te tel wanneer sy voel asof dinge te erg raak vir haar. Sy kyk op haar selfoon of haar vriende aanlyn is. Later smeer sy salf op die uitslag op haar bors. Gewoonlik het haar ma haar getroos nadat sy ’n slegte droom gehad het, maar haar ma en pa is oorlede. Dit is Sammi se droom om by die **Richfire Arts Academy** in te kom. Sy moet egter ’n oudisie aflê sodat sy ’n beurs kan kry. Sammi is ’n baie **goeie pianis**. Op pad na die oudisie was sy en haar ouers in ’n motorongeluk betrokke. Sy het in ’n hospitaalbed wakker geword en is ingelig dat haar **ouers oorlede** is. Na die motorongeluk het Sammi opgehou om musiek te maak.

**Kontekstuele vrae:**

1.1. Verduidelik hoekom die begin van die hoofstuk in *kursiewe* skrif gedruk is.

1.2. Watter tipe verteller kom in die jeugroman voor? Kies slegs die korrekte antwoord.

1.2.1. Eerstepersoonsverteller
1.2.2. Tweedepersoonsverteller
1.2.3. Derdepersoonsverteller

1.3. Wat doen Sammi wanneer sy angstig voel?

1.4. Wie, dink jy, is Lerato en April? Gee ’n rede vir jou antwoord.

1.5. Waarom het Sammi by haar ma se jonger suster gaan bly?

1.6. Kon Sammi se ouers Richfire Arts Academy se skoolfooie bekostig? Gee ’n rede vir jou antwoord.

1.7. Wie was langs Sammi se hospitaalbed toe sy na die ongeluk wakker geword het?

1.8. Hoe oud was Sammi toe sy en haar ouers in ’n motorongeluk was?

1.9. Wat doen jy wanneer jy wakker word nadat jy ’n nagmerrie gehad het?



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

**HOOFSTUK 2**

**Opsomming:**

Sammi kon nie verder slaap nie en het in ’n bad met lekker warm water gaan lê. Met haar kop onder die water luister sy na al die geluide; ook die ritme van haar eie hartklop. Valerie vertel vir Sammi van die lelike opmerking wat ’n kollega by die werk oor haar hare gemaak het. Sammi sê dat Valerie die kollega moet verkla.

**Kontekstuele vrae:**

2.1. Verduidelik hoekom Valerie nie bewus is van Sammi se slaapprobleme nie.

2.2. Wat is Valerie se nuutste stokperdjie?

2.3. Wie is Zoe?

| **VERRYKING:** |
| --- |
| **Leerders wat meer wil weet rondom alternatiewe seksuele identiteit kan Ihette Senekal se jeugroman *Vyf sekondes voor Vrydag* (2022) of Zelda Bezuidenhout se *toe ons oneindig was* (2020) lees.** |

2.4. Wat gaan Sammi se vriendin, Lerato, tydens die Septembervakansie doen?

Tafelberg

2.5. Beskryf wat ’n “koesiester” (bl. 15) is.

2.6. Is jy senuweeagtig om hoërskool toe te gaan? **Bespreek in die klaskamer**.

2.7. Watter goeie nuus ontvang Valerie daardie oggend?

2.8. Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**?

Valerie en Sammi gaan albei die vakansie by Ouma Lena en Oupa Vickie kuier.

2.9. Waarom is dit belangrik dat kinders tydens skoolvakansies moet rus? **Bespreek in die klaskamer**.

**HOOFSTUK 3**

**Opsomming:**

Sammi en haar beste vriendinne gaan na die parkie toe. Hulle wil in die koelte onder die akkerboom gaan sit. Sammi vertel van haar ouma wat gevra is om as beoordelaar by die laerskool se skoonheidskompetisie op te tree. Later sien hulle ’n groep seuns



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

met skaatsplanke en April wil met alle mag vir Shaun na die skool se *prom* toe vra. ’n Frisbie tref April hard teen die agterkant van haar kop. Hulle sien dat Stacey Adams en haar vriendinne ook by die parkie is en agter hulle hande giggel. April wonder of Stacey eendag Sonheuwel Hoër se hoofmeisie sal wees. Sammi noem aan haar vriendinne dat Valerie wil hê sy moet na ’n ander hoërskool toe gaan. Elke keer as Sammi aan Richfire Arts Academy dink, dink sy aan haar ouers en die motorongeluk. Sy weet dus nie of sy kans sien om elke dag in daardie skoolbanke te sit nie.

**Kontekstuele vrae:**

3.1. Waarom is Sammi, April en Lerato by die parkie?

3.2. Wie is tannie Naomi?

3.3. Dink jy Shaun sal met April na die *prom* gaan? Gee ’n rede vir jou antwoord.

3.4. Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**?

Stacey Adams het per ongeluk vir April met die frisbie raakgegooi.

3.5. Met wie moet Lerato tydens die hokkiekamp ’n kamer deel?

3.6. Hoe sal jy reageer indien jou beste vriend of vriendin vir jou vertel dat hy of sy na ’n ander hoërskool as jy gaan?

3.7. Verduidelik waarom Sammi twyfel of sy Richfire Arts Academy toe wil gaan.

**HOOFSTUK 4**

**Opsomming:**

Sammi en Valerie is op pad na Ouma Lena en Oupa Vickie se plaas in die Noord-Kaap. Wanneer hulle arriveer, wag Ouma Lena en Oupa Vickie al by die voordeur. Sammi eet en drink iets na die lang rit en haar ouma vra haar uit oor hoe dit met haar gaan. Ouma Lena is self nog hartseer na die verlies van hul dogter. Sammi gaan kyk later na Oupa Vickie se skuur. Sy bewonder sy kunswerke. Later daag Christopher op vir wie haar oupa kunslesse aanbied. Christopher se jonger broer, Craig, word ook aan Sammi voorgestel en Sammi hoor dat hulle pa ’n polisieman is. Later daag George (Georgie) op en Sammi verkyk haar aan die ring aan sy regterwysvinger. Intussen het ’n baie kwaai buurman sy hond, Stoffels, kom soek. Later gaan Sammi stort om gereed te maak vir die aand se funksie by die laerskool.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

**Kontekstuele vrae:**

4.1. Verduidelik hoe Ouma Lena en Oupa Vickie mekaar ontmoet het.

4.2. Hoe lank is Sammi se ouma en oupa al met mekaar getroud?

4.3. Waarmee boer Sammi se oupa?

4.4. Waarna verwys "Kaapse tong"? Verduidelik. (bl. 26)

4.5. Watter belangrike taak moet Ouma Lena daardie aand by die laerskool verrig?

4.6. Beskryf die ring aan George (Georgie) se regterwysvinger.

4.7. Hoekom is die buurman kwaad wanneer Stoffels by Oupa Vickie se huis is?

4.8. Wat staan op die agterkant van meneer Olivier se dungaree?

4.9. Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**?

George (Georgie) is 'n eiendomsagent in die dorp.

4.10. Verduidelik wat 'n "stadsjapie" is. (bl. 34)

## HOOFSTUK 5

**Opsomming:**

Sammi-hulle daag by die skoolsaal op terwyl mense nog besig is om die laaste dinge reg te kry voor die kompetisie begin. Ouma Lena groet baie van die mense en gesels met tannie Mary. Sammi ontmoet Christopher en Craig se pa en Sammi sê vir Craig hoe mooi sy armband is. Craig gaan wys vir Sammi die skool. Juffrou Van de Vyver kom op hulle af en raas met hulle omdat hulle in die skoolgebou rondloop. Sammi merk 'n suiglekkerpapier op wat in die vorm van 'n jet gevou is. Juffrou Van de Vyver sê hulle moet die papier optel en weggooi. Later loei die brandalarm en almal moet die skoolsaal verlaat. Die kompetisie gaan egter voort en is 'n groot sukses ten spyte daarvan dat 'n lig amper op Ouma Lena se kop geval het. Oupa Vickie wonder wie so nalatig kon wees. Sammi sien 'n ou rooi Volkwagen wat vinnig verby hulle jaag. Sy herken die silhoeët van iemand met 'n bolla agter die stuur.

**Kontekstuele vrae:**

5.1. Wat is die naam van die kompetisie wat by die laerskool plaasvind?



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

5.2. Wie was verantwoordelik vir die beligting tydens die funksie?

5.3. Wat beteken die gesegde: "'n Mens kan jou deur 'n ring trek"? (bl. 37)

5.4. Wie is Richie?

5.5. Verduidelik waarom die swart vleuelklavier Sammi interesseer.

5.6. Waarom hou juffrou Van de Vyver nie van Sammi se ouma nie? Verduidelik.

5.7. Maak 'n lys van die wenners van die kompetisie.

5.8. Dink jy skoonheidskompetisies dra by tot 'n goeie selfbeeld onder tieners? **Bespreek in die klaskamer**.

5.9. Hoekom is Ouma Lena amper dood?

5.10. Wie, dink jy, was verantwoordelik vir die lig wat afgeval het?

## HOOFSTUK 6

### Opsomming:

Sammi lê in haar bed en wonder wat sou gebeur het indien die lig op haar ouma se kop geval het. Was iemand nalatig of was dit bloot 'n ongeluk? Later hoor sy 'n geluid soos iets wat haar venster liggies tref. Buite, net onder haar kamervenster, sien sy iets wat blou glinster in die maanlig. Sy sluip by die voordeur uit en gaan tel die steen op. Terug in die huis sit sy die steen op haar bedkassie neer en slaap verder.

### Kontekstuele vrae:

6.1. Dink jy dit was 'n ongeluk dat die lig amper op Ouma Lena se kop geval het? **Bespreek in die klaskamer**.

6.2. Wie kan volgens Sammi moontlik haar ouma wou seer maak?

6.3. Gee 'n volledige beskrywing van die blou steen wat Sammi onder haar kamervenster opgetel het.

6.4. Verduidelik waarom die blou steen wat Sammi gevind het belangrik is in die konteks van die jeugroman.

6.5. Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**?

Die blou steen is 'n klippie wat Ouma Lena blou geverf het om die tuin te versier.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

**HOOFSTUK 7**

**Opsomming:**

Vir die eerste keer in ’n lang tyd het Sammi laat geslaap. Sy staan op en hardloop om te kyk of haar ouma veilig is. In die kombuis sit George by hulle en koffie drink. Hy het kom uitvind of hulle al weet wat gebeur het. Toe George verby Sammi voordeur toe stap, begin haar neus skielik brand en later begin sy hoes. Sy vermoed dit is die Noord-Kaapse lug. Haar ouma sê dat hulle later apteek toe kan gaan sodat Sammi ’n antihestamien of iets kan kry. Nadat Sammi gestort het, wil sy salf aan haar uitslag smeer. Sy merk egter op dat haar uitslag heeltemal verdwyn het. Op pad dorp toe ruik Sammi al die geure van die blomme langs die pad. In die dorp stop hulle by die hardewarewinkel waar Christopher werk. Craig is ook daar aangesien sy broer na hom moet kyk tydens die skoolvakansie. Hulle gesels oor die vorige aand se gebeure. Later nooi Ouma Lena vir Craig om saam hulle middagete te eet. Nadat Sammi haar bestelling geplaas het, gaan sy badkamer toe. Dit voel asof sy weer een van haar aanvalle kry. Sy begin stadig tel en word stelselmatig kalm. Sy hoor voetstappe buite die badkamervenster. Sy word oorval deur skerp reuke en luister na die gesprek. Selfs toe sy niemand meer voor die badkamervenster kan sien staan nie, hoor sy steeds die gesprek.

Tafelberg

**Kontekstuele vrae:**

7.1. Wat, dink jy, het moontlik Sammi se uitslag op haar bors genees?

7.2. Wat is opvallend omtrent Sammi se reuksintuig?

7.3. By watter winkel stop hulle eerste?

7.4. Wat is die Afrikaanse woord vir “milkshake” (bl. 53)?

7.5. Wat doen Sammi wanneer sy een van haar “aanvalle” kry?

7.6. Verduidelik waarom die gesprek buite die badkamervenster Sammi so interesseer.

7.7. Naas Sammi se reuksintuig, is ’n tweede sintuig skielik meer prominent. Watter tweede sintuig is deur die blou steen geaffekteer?



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

## HOOFSTUK 8

### Opsomming:

Sammi bestudeer die blou steen wat sy die vorige aand buite haar kamervenster opgetel het en vanoggend per ongeluk in haar moonbag gesit het. Sy is aanvanklik bang, maar tog betowerd deur die steen. Die steen laat Sammi kalm voel. Haar reuk-asook gehoorsintuig is besonder skerp en alles ruik skerper en klink helder. Sy sien juffrou Van de Vyver wat by die toonbank vir ’n wegneemete wag. Sy fokus haar gehoor op die gesprek wat tussen tannie Mary en juffrou Van de Vyver plaasvind. Ouma Lena groet juffrou van de Vyver vriendelik toe sy verby hulle stap en later sien Sammi hoe sy in haar rooi Volkswagen klim en wegry.

### Kontekstuele vrae:

8.1. Wat haal Sammi uit haar moonbag?

8.2. Beskryf hoe die blou steen Sammi laat voel.

8.3. Waarom luister Sammi na die gesprek tussen tannie Lena en juffrou Van de Vyver?

8.4. Wat staan op die trok geskryf wat amper vir juffrou Van de Vyver omry?

8.5. In watter provinsie is die trok geregistreer? Hoe weet die leser dit?

8.6. Dink jy juffrou Van de Vyver het dalk iets te doen met die lig wat amper op Ouma Lena geval het te doen? **Bespreek in die klaskamer**.

## HOOFSTUK 9

### Opsomming:

Daardie aand gesels Sammi met April en Lerato en vertel hulle wat met haar ouma gebeur het. Sammi deel haar vermoedens omtrent die buurman met haar maats, maar besluit om hulle nie van die blou steen te vertel nie. Later roep haar oupa haar om met die bokke te help en sy lui af. Sammi het al die bokke in die kraal toegemaak en het die draad styf gedraai sodat die hek nie kan oopgaan nie. Later gebruik sy haar ouma se katoentou om ’n hangertjie te maak waaraan sy die blou steen om haar nek kan vasmaak. Die blou steen hang perfek op die plek waar haar uitslag altyd was. In die middel van die nag word Sammi wakker. Haar oupa en ouma staan in die kombuis en



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

die blompot wat altyd op die tafel staan, lê in stukke op die vloer. Sammi merk ook op dat haar oupa se bokke weg is wanneer sy by die venster uit kyk. Haar oupa is baie ontsteld oor sy bokke wat weg is en vra of Sammi seker is dat sy die hek styf genoeg toegemaak het met die stuk draad. Sammi is doodseker dat sy die draad styf vasgebind het en die bokke nie die kraal kon verlaat nie. Ouma Lena bel die polisie terwyl Oupa Vickie die buurman se hond, Stoffel, terugneem nadat hy onverwags daar opgedaag het. Toe Sammi verby een van die lemoenbome loop, sien sy ’n klomp klein, groen krale.

**Kontekstuele vrae:**

9.1. Waarom, dink jy, het Sammi besluit om nie vir April en Lerato van die blou steen te vertel nie.

9.2. Verduidelik waarom Sammi se oupa so ontsteld was toe hy besef dat sy bokke weg is.

9.3. Hoekom, dink jy, was Stoffel op haar oupa en ouma se plaas?

9.4. Aan wie behoort die groen krale wat Sammi langs een van die lemoenbome vind?

9.5. Dink jy die persoon in **vraag 9.4.** het iets met die gebreekte blompot en die bokke wat verdwyn het te doen? Gee ’n rede vir jou antwoord.

Tafelberg

**HOOFSTUK 10**

**Opsomming:**

Sammi bekyk die groen krale. Sy is onseker of sy haar oupa en ouma van die krale moet vertel. Die huis is baie stil aangesien almal bekommerd is oor die bokke wat weg is. Sammi voel hartseer dat sy haar oupa teleurgestel het. Haar ouma troos haar en sê dat dit nie haar skuld is dat die bokke weg is nie en dat haar oupa net geskok is. Later die dag konfronteer Sammi vir Craig by die hardewarewinkel. Hy vertel vir haar hoe dit gebeur het dat hy sy armband verloor het. Later daag Eugene by die hardewarewinkel op. Sammi se sintuie merk alles omtrent Eugene op. Sy optrede is vreemd en hy vermy haar ouma soveel hy kan. Terwyl hy op die telefoon gesels, merk Sammi op hoe hy ’n papiertjie vou. Dit herinner haar skielik aan iets wat die aand van die fondsinsameling by die laerskool gebeur het.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

**Kontekstuele vrae:**

10.1. Wat beteken die gesegde "weet nie van sout of water nie"? (bl. 65)

10.2. Waarom was Craig die vorige aand op Sammi se oupa en ouma se plaas? Verduidelik.

10.3. Wie is die eienaar van die hardewarewinkel?

10.4. Waarom is die papiertjie wat Eugene vou belangrik? Verduidelik.

10.5. Dink jy Eugene kan as 'n betroubare persoon beskryf word? Gee 'n rede vir jou antwoord.

**HOOFSTUK 11**

**Opsomming:**

Sammi nooi vir Craig om saam haar en haar ouma by Mary's te gaan eet. Aanvanklik wys hy haar uitnodiging van die hand, maar stem later op aandrang in. Terwyl Ouma Lena met tannie Mary gesels, sien Sammi dieselfde trok wat amper vir juffrou van de Vyver raakgery het. Sammi se sintuie fokus op die geluide. Die klokkies wat sy die vorige keer gehoor het, is die geluid van Eugene se bos sleutels. Sy smeek Craig om haar alles wat hy omtrent Eugene weet te vertel. Craig noem dat niemand by die stoorkamer mag ingaan nie. Christopher het ook nie die sleutel om die stoorkamer oop te sluit nie. Sammi het egter reeds besluit wat sy wil doen en vra vir Craig hoe goed hy met 'n naelknipper en hakiespeld is.

Tafelberg

**Kontekstuele vrae:**

11.1. Is die volgende stellings **WAAR** of **ONWAAR**?

11.1.1. Craig het dadelik Sammi se uitnodiging vir middagete by Mary's aanvaar.

11.1.2. Die klokkies is die klokkies wat lui wanneer die deur oopgemaak word.

11.1.3. Christopher mag wel in die stoorkamer ingaan.

11.1.4. Craig wou 'n sjokolade-melkskommel bestel.

11.1.5. Sammi weet hoe om 'n slot met 'n naelknipper en hakiespeld oop te maak.

11.1.6. Craig het nog nooit 'n slot met 'n naelknipper en hakiespeld oopgemaak nie.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

## HOOFSTUK 12

### Opsomming:

Sammi oorreed vir Craig om Eugene se kantoordeur se slot met ’n naelknipper en haakspeld oop te maak. Craig maak of hy siek is en vra Christopher om vir hom medisyne by die apteek te kry. Sodra Christopher die winkel verlaat, gryp Sammi die geleentheid aan om in Eugene se kantoor te gaan snuffel. Sy bekyk alles goed deur. Later slaag sy daarin om die kluis oop te maak. Sy sien klomp papiere en sketse. Sy neem foto’s met haar selfoon en sit alles terug presies soos sy dit gevind het. Later neem Craig haar huis toe met sy fiets. Hy nooi haar om by hom te kom kuier aangesien sy broer ’n klompie vriende oorgenooi het. Hulle kyk effens langer na mekaar. Craig sal Sammi later die middag kom haal sodat hulle saam op hulle fietse na sy huis kan ry. Hy noem haar **Speurder Sammi**. Sy lag stil-stil vir haarself.

### Kontekstuele vrae:

12.1. Wat wil Sammi hê moet Craig vir haar doen?

12.2. Watter plan het Sammi en Craig gemaak om Christopher se aandag af te lei?

12.3. Wat beteken die volgende: “Okay, gaan hou jy solank sout”? (bl. 78)

12.4. Wat is die kode vir die kluis wat Sammi oopmaak?

12.5. Waarheen nooi Craig vir Sammi?

12.6.1. Watter bynaam gee Craig vir Sammi?

12.6.2. Waarom, dink jy, gee Craig vir Sammi hierdie bynaam?

## HOOFSTUK 13

### Opsomming:

Sammi sit op haar bed en skryf in haar notaboek. Sy skryf alles neer wat moontlike leidrade kan wees van dit wat op die foto’s verskyn wat sy in Eugene se kantoor geneem het. Later besluit sy om ’n ent te gaan stap en geniet die natuurskoon. Sy gaan klop aan haar oupa se ateljee se deur en vind hom waar hy voor sy esel staan. Haar oë skiet vol trane wanneer sy sien wat haar oupa skilder. Craig daag met sy fiets op en Sammi ry vir die eerste keer in ’n lang tyd op haar fiets. Hulle is op pad na sy



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

Tafelberg

huis toe. Die partytjie is raserig en Craig stel voor dat hulle in sy kamer gaan sit en gesels. Craig vertel vir Sammi van die tipe boeke wat hy lees. Ook van sy ma wat weggeloop het. Op haar beurt vertel Sammi vir Craig van die motorongeluk waarin haar ouers oorlede is. Wanneer Sammi die prent van die oroborus sien, bel sy dadelik haar ouma, maar haar ouma antwoord nie haar selfoon nie. Sammi besef haar ouma en oupa verkeer moontlik in gevaar.

**Kontekstuele vrae:**

13.1. Wat vind Sammi uit omtrent Basson Vervoer?

13.2. Wat skilder haar oupa?

13.3. In watter woonbuurt het Sammi gewoon voor haar ouers oorlede is?

13.4. Watter tipe plakkate het Craig teen sy kamermure opgeplak?

13.5. Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**?

Craig is 'n ywerige leser.

13.6. Wat het van Craig se ma geword?

13.7. Verduidelik wat 'n "oroborus" is.

13.8. Waarom het Sammi besluit om dadelik haar ouma te bel nadat sy die prent van die oroborus gesien het? Verduidelik.

Tafelberg

**HOOFSTUK 14**

**Opsomming:**

Sammi en Craig jaag op hulle fietse terug plaas toe. Die voordeur staan oop en haar oupa en ouma is nêrens te vind nie. Hulle gaan soek in haar oupa se skuur en word onverhoeds oorval. Eugene en die trokbestuurder ontvoer hulle. Hulle word rug aan rug met tou vasgebind en lapsakke word oor hulle koppe getrek. Hulle word met 'n trok iewers heen vervoer. Wanneer Eugene en die trokbestuurder hulle afgelaai en toegesluit het, hoor Sammi hoe Eugene met die trokbestuurder stry. Later ruik sy George se naskeermiddel en besef dat hulle in gevaar is.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

**Kontekstuele vrae:**

14.1. Wat het Sammi geruik toe sy in tannie Mary se badkamer was?

14.2. Wie vermoed Sammi is die baas van al die skelmstreke wat plaasvind?

14.3. Watter leidrade het Sammi laat vermoed dat iets met haar ouma en oupa gebeur het toe sy en Craig by die voordeur instap?

14.4. Was Sammi se oupa en ouma in die skuur? Gee ’n rede vir jou antwoord.

14.5. Verduidelik waarom die skelms lappe in Sammi en Craig se monde gedruk het.

14.6. Waarom is Eugene kwaad vir die trokbestuurder?

14.7. Hoe het Sammi geweet dat George in die omtrek is?

## HOOFSTUK 15

**Opsomming:**

George ruk die sak van Sammi se kop af. Sy sien dat hulle in die hardewarewinkel se stoorkamer toegesluit is. Ook haar ouma en oupa is vasgebind en lê roerloos agter teen een van die stoorkamer se mure. George het ’n plan beraam sodat hy Sammi se oupa en ouma se plaas kan oorneem vir sy besigheid. Net toe George vir Eugene-hulle vra om die plan in aksie te stel, daag die polisie op. Sammi is baie verlig. Later vertel Richard en Christopher vir Sammi hoe dit gebeur het dat die polisie Sammi-hulle gevind het. By die polisiestasie sien Sammi vir juffrou Van de Vyver wat haar kat kom haal. Eugene het al George se skelmstreke vir die polisie vertel. Die polisie het dwelms in sy stoor gevind en Sammi se oupa se bokke is ook opgespoor. Almal is verlig dat hulle veilig is en dat die polisie die skelms gevang het.

**Kontekstuele vrae:**

15.1. Watter plan het George uitgedink om Sammi en haar oupa en ouma te vermoor sodat hul dood soos ’n ongeluk sou lyk?

15.2. Wat was George se plan met Ouma Lena en Oupa Vickie se plaas wanneer hy almal vermoor het?

15.3. Watter leidraad het Christopher gehelp om Sammi-hulle te vind?

15.4. Waarom is juffrou Van de Vyver by die polisiestasie?



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

15.5. Wat beteken die gesegde “hy het gesing soos ’n kanarie”?

15.6. Wie was verantwoordelik vir die skoolsaal se lig wat amper op Ouma Lena geval het?

15.7. Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**?

Sammi was wel verantwoordelik vir die bokke wat verdwyn het.

15.8. Wat het die polisie in George se stoor in Johannesburg gevind wat onwettig is?

**HOOFSTUK 16**

**Opsomming:**

Sammi kom by die kombuis ingestap. Sy sien hoe lekker almal gesels en aan Ouma Lena se brood smul. Tannie Valerie daag op en sê dat hulle haar nooit weer so moet laat skrik nie. Wanneer dit tyd raak om te groet, groet Sammi laaste vir Craig. Sy gee vir hom ’n geskenk. Sy hoor Craig se hartklop. Sy nooi Craig om by hulle te kom kuier wanneer hy weer in die Kaap is.

**Kontekstuele vrae:**

16.1. Wie sit almal by die kombuistafel wanneer Sammi ingestap kom?

16.2. Wat maak Ouma Lena waarvan Sammi baie hou?

16.3. Verduidelik waarom Sammi graag weer by haar oupa en ouma sal wil kom kuier.

16.4. Wat gee Sammi vir Craig voor hulle terug Kaap toe ry?

16.5. Dink jy dit is moontlik dat Sammi en Craig romantiese gevoelens vir mekaar het? Gee ’n rede vir jou antwoord.

**HOOFSTUK 17**

**Opsomming:**

Terug by die huis kyk Sammi na die keyboard wat onder die berg klere lê. Sy maak net daar en dan ’n besluit en gaan praat met tannie Valerie. ’n Week later moet sy by Richfire Arts Academy aanmeld om ’n oudisie af te lê. Voor sy begin speel, verbeel sy haar die glimlaggende gesigte van haar ouers in die voorste ry van die ouditorium.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

**Kontekstuele vrae:**

17.1. Wat vra Sammi vir tannie Valerie wanneer hulle terug by die huis is?

17.2. Hoe lank moes Sammi wag voor sy ’n oudisie by Richfire Arts Academy kon aflê?

17.3. Hoe sal jy Sammi se gevoelens beskryf toe die vrou met die knipbord haar naam roep? Gee ’n rede vir jou antwoord.

17.4. Hoeveel beoordelaars is daar?

17.5. Wat dra Sammi wat haar gemoedsrus gee?

## HOOFSTUK 18

**Opsomming:**

Drie maande na Sammi se besoek aan haar oupa en ouma op Engelburg het die tyd aangebreek vir Sammi om hoërskool toe te gaan. Sy staan voor die spieël en trek haar nuwe skoolklere aan. Sy maak seker dat sy haar hangertjie onder haar skoolhemp wegsteek. Sammi se droom het waar geword. Op haar skoolbaadjie se sak is die kenteken van Richfire Arts Academy.

Tafelberg

**Kontekstuele vrae:**

18.1. Gee ’n kort beskrywing van Sammi se nuwe skooluniform.

18.2. Verduidelik waarom Sammi haar hangertjie onder haar skoolhemp moet wegsteek.

18.3. Hoekom glimlag Sammi wanneer sy oor Richfire se kenteken op haar skoolbaadjie vryf? Verduidelik.

18.4. Wat is jou mening oor skooldrag? Moet leerders skooldrag dra of is dit beter indien leerders slenterdrag kan dra? **Bespreek jou antwoord in die klaskamer**.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

## MEMORANDUM: KONTEKSTUELE VRAE

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**

**Onderwysers kan leerders die opsommings van elke hoofstuk in Engels laat vertaal om sodoende die leerders se Afrikaanse woordeskat uit te brei, hulle Afrikaanse woordorde te verbeter en ook om die inhoud van die jeugroman beter te verstaan.**

### HOOFSTUK 1

1.1. Die begin is in kursief gedruk aangesien dit Sammi se droom is.

1.2. Derdepersoonsverteller (**1.2.3.**)

1.3. Sy tel terug vanaf ’n honderd.

1.4. **Leerder se eie antwoord**. Die leerder moet motiveer. (*Sammi se vriendinne*.)

1.5. Haar ouers is oorlede. (Haar ouers het in ’n motorongeluk gesterf.)

1.6. Nee. Sammi moet ’n oudisie aflê om vir een van vyf beurse in aanmerking te kom.

1.7. Tannie Valerie / Valerie / Haar ma se jonger suster.

1.8. Sammi was elf jaar oud.

1.9. **Leerder se eie antwoord**.

Tafelberg

### HOOFSTUK 2

2.1. Sammi is goed met dinge wegsteek. Haar tannie weet dus nie van haar slaapprobleme nie.

2.2. Sy maak macrame plant hangers.

2.3. Zoe is haar tannie se eks-meisie. (Haar tannie is gay / lesbies.)

2.4. Sy gaan ’n hokkiekamp in Durban bywoon.

2.5. ’n Koesiester is ’n Kaaps-Maleisiese lekkerny. Dit word in olie gebak, in stroop gedoop en met klapper bedek. Dit kan in die vorm van ’n oliebol wees. Dit proe na speserye en naartjieskil. Die koesiester is donkerder van kleur as ’n koeksister.

2.6. **Leerder se eie antwoord**. **Bespreek in die klaskamer**.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

2.7. Sy is gekies om ’n kunsmentorskap in Johannesburg by te woon nadat een van die ander kunstenaars ’n goeie werk gekry het.

2.8. ONWAAR

2.9. **Leerder se eie antwoord**. **Bespreek in die klaskamer**.

## HOOFSTUK 3

3.1. Hulle het parkie toe gegaan om vir die seuns - spesifiek vir Shaun - te gaan kyk.

3.2. Tannie Naomi is April se ma.

3.3. **Leerder se eie antwoord**. (*Nee, want hy weet nie wat haar naam is nie*.)

3.4. ONWAAR

3.5. Sy moet ’n kamer met Stacey Adams deel.

3.6. **Leerder se eie antwoord**.

3.7. Sammi twyfel aangesien sy getraumatiseer voel wanneer sy aan Richfire dink as gevolg van die motorongeluk wat tot haar ouers se dood gelei het. Hulle was op pad daarheen vir haar oudisie toe die ongeluk gebeur het.

Tafelberg

## HOOFSTUK 4

4.1. Ouma Lena het as kok gewerk by ’n restauarant in die Goue Akker terwyl sy onderwys studeer het. Oupa Vickie het haar gesien toe hy een oggend brood afgelewer het. Hy het na ’n lang tyd daarin geslaag om haar uit te vra en sy meisie te wees.

4.2. Hulle is al langer as veertig jaar getroud.

4.3. Hy boer met bokke wat bokmelk aan ’n paar besighede verskaf.

4.4. Kaapse Afrikaans (’n Variëteit van Afrikaans wat veral in die Kaapse Skiereiland gepraat word.)

4.5. Die ring is ’n dik silwer band in die vorm van ’n slang wat sy eie stert eet.

4.6. Die buurman is jaloers omdat die hond te veel na Oupa Vickie se huis toe loop aangesien Oupa Vickie die hond bederf en liefde gee.

4.7. OLIVIER ELECTRONICS

4.8. ONWAAR



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

4.9. ’n Stadsjapie is ’n term wat verwys na ’n persoon wat in die stad woon en nie gereeld op die platteland kom nie. (Of nie gewoond is aan die lewenswyse op die platteland nie.)

## HOOFSTUK 5

5.1. MNR & MEJ LENTE

5.2. Meneer Olivier was verantwoordelik vir die beligting.

5.3. Die persoon lyk altyd netjies of is netjies aangetrek. (Lyk baie mooi.)

5.4. Richie verwys na Richard, ’n polisieman op die dorp. (Christopher en Craig se pa.)

5.5. Voor die motorongeluk het Sammi daarvan gedroom om op ’n vleuelklavier te speel.

5.6. Juffrou Van de Vyver werk haar hele lewe lank om prinsipaal te word, maar Ouma Lena het die pos gekry. Gevolglik hou sy nie van Ouma Lena nie.

5.7. Angelo Kennedy (tweede prins), Simonique Raubenheimer (tweede prinses), Themba Ningiza (eerste prins), Francine de Wet (eerste prinses), Christopher Jeremiah (Meneer Lente) en Candice Roberts (Mejuffrou Lente).

5.8. **Leerder se eie antwoord**. **Bespreek in die klaskamer**.

5.9. Een van die ligte op die verhoog het uit die dak geval en amper op Ouma Lena se kop beland wat haar kon beseer of selfs haar dood kon beteken.

5.10. **Leerder se eie antwoord**.

## HOOFSTUK 6

6.1. **Leerder se eie antwoord**. **Bespreek in die klaskamer**.

6.2. Sammi vermoed dat dit dalk die buurman kon wees (Meneer Olivier).

6.3. Die blou steen is kristalhelderblou. Dit is net kleiner as ’n tweerandstuk en plat. Die steen pas perfek in ’n mens se handpalm. Die oppervlak is grof.

6.4. Die blou steen kom in die titel van die jeugroman voor.

6.5. ONWAAR

## HOOFSTUK 7

7.1. **Leerder se eie antwoord**.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

7.2. Haar reuksintuig is skielik hipersensitief en baie sterker as voorheen.

7.3. Hulle stop eerste by die hardewarewinkel.

7.4. melkskommel

7.5. Sy tel agteruit vanaf ’n honderd totdat sy weer kalm voel.

7.6. Sy luister na die gesprek en hoor die afgemete intimidasie in een van die mans se stem. Sy wil dus hoor waaroor hulle gesels.

7.7. Haar gehoorsintuig. Sammi kan baie beter hoor en kan gesprekke afluister wat sy voorheen nie sou kon hoor nie.

**HOOFSTUK 8**

8.1. Sy haal die blou steen uit haar moonbag.

8.2. Die blou steen laat Sammi kalm voel. ’n Warmte versprei in haar liggaam en dit laat haar anders voel aangesien sy nie meer angstig is nie.

8.3. Sy wil hoor waaroor hulle gesels aangesien sy vermoed dat juffrou Van de Vyver dalk iets het om weg te steek. (Die ongeluk tydens die fondsinsameling in die skoolsaal.)

8.4. Basson Vervoer

8.5. Gauteng. Die GP-nommerplaat op die trok dui dit aan.

8.6. **Leerder se eie antwoord**. **Bespreek in die klaskamer**.

**HOOFSTUK 9**

9.1. **Leerder se eie antwoord**. (*Haar vriende sal dalk dink dat sy mal is of stories opmaak*.)

9.2. Die bokke is sy boerdery wat hom van ’n inkomste voorsien. Sonder die bokke kan hy nie bokmelk aan die plaaslike besighede lewer nie.

9.3. **Leerder se eie antwoord**.

9.4. Die krale behoort aan Craig.

9.5. **Leerder se eie antwoord**.

**HOOFSTUK 10**

10.1. Die persoon weet daar niks van nie.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

10.2. Craig en van sy vriende was stout en wou lemoene steel wat al ryp is. Hulle het iemand in die kombuis gesien en weggehardloop. Craig se armband het aan een van die bome se takke vasgehaak en gebreek.

10.3. Eugene

10.4. Die papiertjie herinner Sammi aan die papiertjie wat sy en Craig moes optel toe hulle in die laerskool rondgeloop het. Juffrou Van de Vyver het met hulle geraas en hulle beveel om die papiertjie op te tel.

10.5. **Leerder se eie antwoord**.

**HOOFSTUK 11**

11.1.1. ONWAAR
11.1.2. ONWAAR
11.1.3. ONWAAR
11.1.4. WAAR
11.1.5. ONWAAR
11.1.6. ONWAAR

**HOOFSTUK 12**

12.1. Craig moet maak asof hy siek voel sodat sy broer die winkel kan verlaat om medisyne by die apteek te kry. Daarna moet hy die kantoordeur se slot oopmaak sodat Sammi daar kan gaan rondsnuffel.

12.2. Craig gaan maak asof hy baie siek voel.

12.3. Craig moet gaan kyk wanneer sy broer terug kom van die apteek af.

12.4. 639

12.5. Craig nooi vir Sammi om daardie aand by sy huis te kom kuier.

12.6.1. Speurder Sammi

12.6.2. **Leerder se eie antwoord**.

**HOOFSTUK 13**

13.1. Basson Vervoer is ’n langafstand trokmaatskappy. Hul is in Johannesburg gesitueer.

13.2. Haar oupa skilder haar ma op die plaas.

13.3. Rigtingsvlei

Tafelberg



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

13.4. Daar is prente van atlete, sangers, superhelde en flieks.

13.5. WAAR

13.6. Sy ma het weggeloop en hulle weet nie presies waar sy is nie.

13.7. ’n Oroborus is ’n simbool van siklusse soos die dood en wedergeboorte. Dit is ’n slang wat sy eie stert eet.

13.8. Sy besef dat haar ouma-hulle moontlik in gevaar kan verkeer aangesien George (Georgie) ’n ring in die vorm van ’n oroborus dra.

**HOOFSTUK 14**

14.1. Sy het George (Georgie) se naskeermiddel geruik.

14.2. Sammi vermoed dat George die skelms se baas is.

14.3. Die voordeur het oopgestaan en die reuk van geskroeide (verbrande) kos het in die lug gehang.

14.4. Die leser weet nie op die stadium nie aangesien Sammi en Craig ontvoer word net toe hulle buite kom.

14.5. Die lappe verhoed dat hulle geraas kan maak of vir hulp kan roep.

14.6. Die trokbestuurder was nie veronderstel om Craig ook te ontvoer nie.

Tafelberg

14.7. Sy het sy naskeermiddel geruik.

**HOOFSTUK 15**

15.1. Hulle sou almal in ’n motorongeluk sterf.

15.2. Hy wou die plaas gebruik om sy besigheid te bou en bedryf aangesien die polisie in Johannesburg op sy spoor is.

15.3. Sammi se notaboek het op haar bed gelê en Christopher kon daaruit aflei waar hulle moontlik kon wees.

15.4. Haar kat, Antjie, het verdwyn en die polisie het die kat opgespoor. Sy moet die kat by die polisiestasie gaan haal.

15.5. Hy het alles vertel of gesê wat hy weet. (Hy het die inligting vir die polisie gegee.)

15.6. Eugene

15.7. ONWAAR



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

15.8. Die polisie het dwelms gevind.

**HOOFSTUK 16**

16.1. Ouma Lena, Oupa Vickie, Craig, Christopher en hul pa, Richard.

16.2. Chakalaka-brood

16.3. Sy hou van die plaas, die mense wat sy ontmoet het en is natuurlik lief vir haar grootouers.

16.4. Sy het sy groen armband reggemaak en gee dit vir hom.

16.5. **Leerder se eie antwoord**. Die leerder moet motiveer.

**HOOFSTUK 17**

17.1. Sy vra vir tannie Valerie of sy vir haar ’n oudisievorm vir Richfire Arts Academy sal kry.

17.2. ’n Week.

17.3. **Leerder se eie antwoord**. Die leerder moet motiveer.

17.4. Sy dra haar blou steen om haar nek.

Tafelberg

**HOOFSTUK 18**

18.1. Donkerblou skoolromp, wit hemp, ’n das en skoolbaadjie met Richfire se kenteken en naam in goudgeborduurde letters op die regterkantste sak.

18.2. Dit is heel moontlik teen die skoolreëls om juweliersware skool toe te dra.

18.3. Haar droom is bewaarheid.

18.4. **Leerder se eie antwoord**. **Bespreek in die klaskamer**.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

## WOORDVERKLARINGS (Sien HAT of TWEETALIGE WOORDEBOEK)

Hierdie woordeskatlys is veral belangrik vir leerders wat **Afrikaans Eerste Addisionele Taal** neem. Dit is belangrik dat hulle die woorde se betekenis verstaan om sodoende die verhaal beter te kan begryp.

| WOORD | BLADSY | VERTALING (ENGELS) [VIR EAT-LEERDERS] | BETEKENIS [Vul die betekenis hier in.] |
|---|---|---|---|
| **borskas** | **5** | | |
| **gawe** | **9** | | |
| **tweedehandse** | **9** | | |
| **beurs** | **9** | | |
| **oudisie** | **9** | | |
| **besering** | **10** | | |
| **wierook** | **11** | | |
| **koggel** | **12** | | |
| **verfkwasse** | **13** | | |
| **stokperdjie** | **14** | | |
| **akkerboom** | **19** | | |
| **opsigter** | **19** | | |
| **skaatsplank** | **19** | | |
| **selfversekerd** | **20** | | |
| **verwarring** | **22** | | |
| **spyt** | **22** | | |
| **palet** | **24** | | |
| **slinks** | **25** | | |
| **wei** | **25** | | |

Tafelberg



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

| | | | |
|---|---|---|---|
| **deftig** | **27** | | |
| **skuur** | **28** | | |
| **verras** | **28** | | |
| **gawe** | **31** | | |
| **fondsinsameling** | **31** | | |
| **gewild** | **32** | | |
| **naskeermiddel** | **32** | | |
| **touwys** | **32** | | |
| **verward** | **33** | | |
| **vergiftig** | **34** | | |
| **koggel** | **34** | | |
| **uitrusting** | **37** | | |
| **bot** | **38** | | |
| **vleuelklavier** | **38** | | |
| **brom** | **40** | | |
| **brandalarm** | **40** | | |
| **besorgd** | **43** | | |
| **gaap** | **46** | | |
| **apteek** | **47** | | |
| **inkopies** | **51** | | |
| **spyskaart** | **52** | | |
| **nuuskierig** | **55** | | |
| **betowerd** | **56** | | |
| **kok** | **59** | | |

Tafelberg



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

| | | | |
|---|---|---|---|
| **sorgvry** | **61** | | |
| **naaldwerkboks** | **62** | | |
| **blompot** | **62** | | |
| **leidraad** | **65** | | |
| **kelnerin** | **72** | | |
| **kluis** | **78** | | |
| **lessenaar** | **79** | | |
| **verleë** | **81** | | |
| **toebroodjies** | **85** | | |
| **selfvoldaan** | **93** | | |
| **tronkstraf** | **97** | | |
| **dwelms** | **97** | | |
| **fluister** | **98** | | |
| **smul** | **99** | | |
| **klawers** | **101** | | |
| **das** | **103** | | |



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

## AKTIWITEITE VIR VERRYKING

1. **“Vision Board”**: Op bladsy 14 verwys Sammi na die uitsig wat tannie Valerie met haar “vision board” vergelyk. Hou ’n klasbespreking oor wat ’n “vision board” is. deel vir elke leerder ’n A3-grootte bladsy uit. Die leerder moet sy of haar eie “vision board” maak. Na afloop van die opdrag kan leerders hul “vision board” met die klas deel deur mondelings daaroor verslag te lewer.

2. **Klasprojek**: In hoofstuk vier lees ons van die **spekbome** wat Ouma Lena drie jaar terug om hul bruin baksteenhuisie geplant het. Laat leerders **navorsing doen** oor spekbome en waarom dié spesifieke plant belangrik vir die mens is. Laat elke leerder by die skool of by die huis ’n **spekboompie plant** deur steggies met mekaar te deel of ’n kwekery te kontak wat dit moontlik kan borg.

3. **Variëteite**: Afrikaans het verskillende variëteite. Maak ’n lys van verskillende Afrikaanse variëteite en laat leerders voorbeelde van woorde soek van byvoorbeeld Kaapse Afrikaans asook ander variëteite.

4. **Dagboekinskrywing:** Verbeel jouself jy is Sammi. Dit is die dag nadat George en Eugene gevang is. Skryf ’n dagboekinskrywing waarin jy jou gevoelens oor die afgelope paar dae bespreek.

5. **Plakkaat**: Ontwerp ’n plakkaat (A3-grootte) waarop jy visuele uitbeeldings van al die karakters aanbring. Gebruik sleutelwoorde om elke karakter se karaktereienskappe langs die skets / prent aan te dui.

**VOORBEELD**:

*SPEURDER SAMMI – DIE BLOU STEEN*

**KARAKTERSKETSE**

| | |
|---|---|
| **PRENT OF SKETS** | • **SAMMI SEPTEMBER**<br>- Hoofkarakter<br>- Graad sewe<br>- Woon by haar ma se jonger suster |

6. Indien prakties moontlik, **nooi die skrywer** om by die skool oor die jeugroman met die leerders te kom gesels. (Dit kan ook via MS Teams of Zoom geskied.)



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

## LITERÊRE GLOSSARIUM (VIR DIE ONDERWYSER)

**Die KABV (2011:102-110) beklemtoon die volgende belangrike literêre asook nie-literêre terme waarvan die onderwyser en leerder kennis moet neem.**

**denotasie** (teenoorgestelde van *konnotasie*) **–** dit wat die begripsinhoud weergee of saamvat, die letterlike betekenis van ’n woord of uitdrukking

**evalueer –** om ’n opinie te vorm, ’n oordeel te vel oor ’n teks

**geïmpliseerde betekenis –** betekenis wat gevolgtrekking inhou of toelaat; betekenis wat nie eksplisiet in die teks uitgedruk word nie

**genre –** ’n soort letterkunde, bv. drama, kortverhale, gedigte, roman, volksverhale / folklore

**gevolg –** die resultaat van handeling / gebeure of ’n aksie

**herlees –** ’n leesstrategie wat die leser nog ’n kans gee om ’n uitdagende teks te verstaan

**herformuleer –** ’n leesstrategie waarvolgens die leser die betekenis van ’n gelese gedeelte mondelings of skriftelik oorvertel, verkort of opsom

**huistaal** die taal wat kinders eerste aangeleer het deur by die huis en / of in hul gemeenskap konstant daaraan blootgestel te wees; dit is die taal “waarin ’n mens dink”

**implisiet** (teenoor *eksplisiet*) **–** dit wat nie direk in ’n teks gestel word nie, maar wel afgelei kan word

Tafelberg

**inklusiwiteit –** die beginsel om onderwys toeganklik vir alle leerders te maak, ten spyte van hul leerstyl, agtergrond en vermoëns; neiging om in te sluit, te omvat, op te neem

**intrige –** verwikkelde situasie wat ’n skrywer uitdink en waarop die verhaal gebaseer is (verwikkeling)

**ironie –** woordgebruik waarmee ’n mens die teenoorgestelde sê van wat jy bedoel; omstandigheid of stand van sake wat die teenoorgestelde is van wat ’n mens kon verwag het

**karikatuur –** ’n oordrewe uitbeelding (geskrewe of visueel) van ’n karakter en wat die spot dryf met persoonlike karaktertrekke of voorkoms; spotprent, spotbeeld, spotfiguur

**klimaks** (ook *hoogtepunt*) **–** die opwindendste, effektiefste of belangrikste deel van die storie. Hierdie belangrike deel is nie noodwendig aan die einde van die verhaal nie.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

**konflik –** stryd; botsing; worsteling; die stryd wat tussen karakters of individue of groepe en hul omstandighede ontstaan; konflik in letterkunde kan ook as gevolg van strydende begeertes of waardes tussen karakters ontstaan

**konnotasie –** wat gesuggereer word deur ’n woord of ding, dieperliggend as die letterlike of eksplisiete betekenis

**konteks –** die konteks waarbinne ’n teks geskep en ontvang word, verwys na die breë en onmiddellike situasie waarin dit bestaan en wat daarin oorgedra word

**kontekstuele leidrade –** ’n leestegniek om alle aanduidings of leidrade in ’n teks te gebruik om betekenis te verklaar

**kontras** (ook *antitese, teenstelling*) **–** stylmiddel waarin twee uiterstes teenoor mekaar gestel word

**kopkaarte / breinkaarte –** grafiese netwerkvoorstelling van idees of ’n onderwerp in die vorm van sleutelwoorde en illustrasies

**letterlik** (teenoor *figuurlik*) **–** die eenvoudigste, mees direkte betekenis van woorde

**literêre tegnieke –** letterkundige begrippe wat in literêre tekste gebruik word

**oorsaak –** dit wat aanleiding gee tot ’n handeling / gebeure / aksie of ’n toestand te reageer

**parafrase –** die herbewoording van ’n idee in jou eie woorde

Tafelberg

**perspektief –** ’n karakter / verteller se standpunt / siening oor kwessies in ’n roman of drama

**retoriese vraag –** ’n vraag wat gevra word nie om iets uit te vind nie, maar vir beklemtoning, ’n mening uit te spreek of vir dramatiese effek (bv*. Weet jy hoe gelukkig jy is?*)

**samehang –** onderlinge verband, deurlopendheid, aaneenskakeling

**sarkasme –** bytende, bitter spot; minagting wat wil seermaak of skok op persoonlike vlak; dit sê wat die spreker / skrywer bedoel

**satire –** iets wat hekelend spot met die lewe; dwaashede en wanpraktyke van die mens / maatskappy word onthul of geopenbaar; ’n satiriese literêre werk het gewoonlik ’n bewustelike sosiale inslag

**simbool –** ’n teken / voorwerp wat ’n ander saak verteenwoordig; ’n tradisionele simbool soos ’n *kruis* is as beeldspraakvorm nie net ’n afbeelding van die werklikheid nie, maar dit kry ook ’n dieper betekenis deurdat dit na iets anders verwys

**sintetiseer –** die saamvoeg van idees uit verskeie bronne; ’n duidelike opsomming van hierdie saamgevoegde idees



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

**sleng** (ook *slang*) **–** ’n variëteit van Afrikaans wat dikwels by jongmense, bv. studente gehoor word en nie noodwendig verkeerd is nie, bv. *Hulle het my ’n kop aangesit / Jy kan kwai bestuur*

**soeklees –** om jou oë oor ’n teks te laat beweeg om spesifieke inligting te vind, soos wanneer jy ’n naam of nommer in ’n telefoongids soek of ’n trein- of busrooster raadpleeg

**stem –** dit verwys ook na die skrywer se eie persona – wie die skrywer is. As ’n mens lees of kyk, kan jy ’n indruk van die skrywer se bedoeling / voorneme kry.

**stemming –** atmosfeer of emosie in geskrewe tekste; dit toon karakters se gemoedsgesteldheid; dit verwys ook na die atmosfeer wat deur visuele, oudio en oudiovisuele tekste geskep word.

**stereotipe –** vaste (en dikwels partydige) siening oor ’n spesifieke soort persoon (bv. vrou, immigrant, priester)

**styl –** trant of manier van skryf; die unieke manier waarop ’n skrywer woorde en sinne “rangskik” om ’n bepaalde effek te verkry. Dit sluit woordkeuse, toon, asook sinslengte in.

**subintrige –** ondergeskikte verwikkelde situasie wat ’n skrywer uitdink en waarop die verhaal gebaseer is (knoop, verwikkeling)

**teks –** dit is enige geskrewe, gesproke of visuele vorm van kommunikasie

**tema –** die sentrale idee of idees in ’n literêre werk. ’n Teks mag meer as een tema hê en dit mag dalk nie eksplisiet/vanselfsprekend wees nie.

**transaksionele skryfwerk –** funksionele skryfwerk (bv. briewe, notules, verslae, fakse)

**vergelyk** (verwys ook na *kontras*) **–** om vas te stel op watter maniere dinge eenders of verskillend is

**vluglees –** om ’n teks baie vinnig te lees ten einde ’n oorsig te verkry, soos om die koerantopskrifte vir hoofnuus te vluglees



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

## BRONNELYS


Bezuidenhout, Z. 2020. *toe ons oneindig* was. Johannesburg: Pan Macmillan.

Brink, A.P. 1987. *Vertelkunde: ’n Inleiding tot die lees van verhalende tekste*. Pretoria: Academica.

Cloete, T.T., Botha, E. & Malan, C. (reds.). *Gids by die literatuurstudie*. Pretoria: HAUM-Literêr.

Grové, A.P. 1963. *Letterkundige sakwoordeboek vir Afrikaans*. Kaapstad: Nasou.

KABV (Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring). 2011. (Kyk Suid-Afrika.) Departement van Basiese Onderwys. Pretoria: Staatsdrukker.

Lawrence, D. et al. *Afrikaansmetodiek deur ’n nuwe bril*. Kaapstad: Oxford.

Luther, J., Pheiffer, F. & Gouws, R.H. (reds.). 2015 (1965). *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal Sesde Uitgawe*. Kaapstad: Pearson.

Roberts, C.D. 2022. *Speurder Sammi – Die blou steen*. Kaapstad: Tafelberg.

Scholtz, P.W. & Vorster, M.E. 2013. *Viva Afrikaans Graad 12 Huistaal*. Florida Hills: Vivlia.

Senekal. I. 2022. *Vyf sekondes voor Vrydag*. Kaapstad: Tafelberg.

Steenberg, D.H. 1985. Tyd. In: Cloete, T.T., Botha, E., Malan, C. (reds.). *Gids by die literatuurstudie*. Pretoria: HAUM Literêr.




Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers